

Donderdag 26 Julie

Skrifgedeelte: Genesis 12:10-20

**Fokusgedeelte: Genesis 12:13;
Heidelbergse Kategismus 43:112**

Abram en Sarai se leuen ontken God se seën

Daar is niks makliker in die wêreld as om 'n leuen te vertel nie. Niemand weet dat dit 'n leuen is totdat jy uitgevang word nie. Die probleem van 'n leuen is dat die waarheid altyd die lig sien.

In die Skrifgedeelte sien ons iemand wat 'n leuen laat vertel en dan die gevolge daar-van, eerstens vir homself, maar dan ook vir sy medemens. Wanneer God vir Abram roep en hom na 'n nuwe land stuur, gee Hy vir hom 'n mooi belofte, dat hy 'n seën vir ander sal wees (:2, 3). Abram vergeet die Here se belofte aan hom. Waar hy mense moes geseën het, soos die Here hom seën, bring hy ellende oor sy eie vrou en oor die Farao en sy huis. Die seën wat die Here vir hom gee, gebruik hy om ander mee te vervloek.

Ten spyte van Abram se leuen, bly die Here getrou aan sy woord. Waar Abram se leuen groot skade aangerig het, bring die Here verlossing. Die Here is besig om vir Abram en ook ons te leer om op die regte pad te loop, in die pad van God se waarheid. God se seën strek verder as ons sonde. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om in ons plek te sterf en ons het deel in sy opstanding – 'n nuwe lewe. Waar ons nog steeds sonde doen en nie altyd die uitkringende effek daarvan besef nie, kom verlos Jesus ons van onself.

Kom ons lewe in dankbaarheid teenoor die Here vir al sy seëninge en wandel op die weg wat Hy vir ons wys. Kom ons seën eerder ons naaste, soos God ons in Jesus Christus seën.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. DFC (Dirk) Kruger (Zeerust)